

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Johannes 14: 1-14, 1983; Gesang 269: 1.  
Fokus teks: Psalm 1: 1-6, 2020.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 266; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

## AANKONDIGINGS:

### KLOK:

Ons is hier teenwoordig. God is teenwoordig. Die klok bring ons gedagtes tot die besef ...

### TOETREDE:

Luister tog, Heer, en hoor my gebed. U is al wat ek het.  
VONKK 106: 1-2.

### VOTUM:

As God openlik kant gekies het vir ons, wie kan ooit teen ons wees ~ Romeine 8: 31, 2022.

### SEËN:

God het ons geroep om aan Hom te behoort: Genade en vrede word aan ons geskenk deur God ons hemelse Vader en die Here, Jesus Christus. Amen ~ Romeine 1: 7, 2022

### SANG:

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Johannes 14: 1-14, 1983; Gesang 269: 1.  
Fokus teks: Psalm 1: 1-6, 2020.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 266; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

O Jesus, neem my. O Jesus, lei my. O Jesus, sterk my  
en vorm my tot u eer ~ Gesang 543: 1-3.

‘N BELYDENIS VAN GELOOF: om Jesus te volg in  
geloof en gebed ~ Johannes 14: 1-14.

<sup>1</sup>“Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. <sup>2</sup>In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. <sup>3</sup>En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. <sup>4</sup>En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan.”

<sup>5</sup>Tomas sê toe vir Hom: “Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken?”

<sup>6</sup>Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. <sup>7</sup>As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom.”

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Johannes 14: 1-14, 1983; Gesang 269: 1.  
Fokus teks: Psalm 1: 1-6, 2020.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 266; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

<sup>8</sup>Toe sê Filippus vir Hom: “Here, wys vir ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.”

<sup>9</sup>En Jesus sê vir hom: “Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: ‘Wys vir ons die Vader’? <sup>10</sup>Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen.

<sup>11</sup>Glo in My omdat Ek in die Vader is en die Vader in My; of anders, glo op grond van die werke self.

<sup>12</sup>“Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan. <sup>13</sup>Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. <sup>14</sup>As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.”

GEBED:

Kom ons bid saam, ons bid die woorde van Gesang 266.

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Johannes 14: 1-14, 1983; Gesang 269: 1.  
Fokus teks: Psalm 1: 1-6, 2020.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 266; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

Amen.

## INLEIDING TOT DIE PREEK:

In die 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybel kry ons die woordjie boom 92 keer, die meervoud (bome) nog 80 keer. In totaal: 172 keer. Dit sluit nie 'n soektog na woorde soos: woude of plante of wortels of stam of blare, in nie. Hierdie soektog sou vir ons nog meer tekste aandui wat op 'n sekondêre manier na boom of bome verwys.

Dit is dus nodeloos om te sê dat bome in geweldige rol in die Bybel speel. Ons sou selfs kon sê dat die boom 'n hoofkarakter van die Bybel is.

As jy die woordjie boom hoor; waaraan dink jy?

Ons hoor dikwels mense sê: ons is 'n missionale gemeente of ons leef Missio Dei. Daarmee bedoel hulle ons gemeente leef na binne en na buite, ons is geroep om soos God te leef. Ons gemeente doen God se wil.

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Johannes 14: 1-14, 1983; Gesang 269: 1.  
Fokus teks: Psalm 1: 1-6, 2020.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 266; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

Dit is egter nie so eenvoudig nie. Hierdie geroepe leefwyse kom nie vanself nie. 'n Mens moet dit inoefen. Die inoefen van God se wil is in die vroeë kerk 'n Regula genoem ~ in Engels a rhythm of life ~ in Afrikaans 'n lewensritme ('n manier van lewe). Hierin speel die simbool van die boom 'n geweldige groot rol.

Ons kan ongelukkig nie vandag al die tekste oor bome in die Bybel oplees nie, maar ons gaan een teks lees wat ons vir die res van die preek sal laat nadink oor die boom en 'n lewe voor God. Hierin gaan ons saam iets van Ekklesia (kerk of gemeenskap van gelowiges) ontdek en vasknoop.

SKRIFLESING: Psalm 1: 1-6, 2020

<sup>1</sup>Gelukkig is die mens wat nie die raad van goddeloses volg, nie op die pad van sondaars gaan staan en nie in die byeenkoms van spotters sit nie, <sup>2</sup>maar wat vreugde vind in die wet van die Here en sy wet dag en nag mymerend prewel.

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Johannes 14: 1-14, 1983; Gesang 269: 1.  
Fokus teks: Psalm 1: 1-6, 2020.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 266; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

<sup>3</sup>So iemand sal wees soos 'n boom geplant langs watervore, wat sy vrugte op sy tyd gee en waarvan die blare nie verdor nie. Alles wat hy aanpak, gedy.

<sup>4</sup>So is die goddeloses nie; inteendeel, hulle is soos kaf wat die wind wegwaai.

<sup>5</sup>Daarom sal goddeloses nie kan opstaan tydens die regspraak, of sondaars in die byeenkoms van •regverdiges nie.


<sup>6</sup>Ja, die Here dra sorg vir die pad van regverdiges, maar die pad van goddeloses loop dood.

**PREEK:**

In die week wat verby is, het ek en veertien ander predikante van die Hervormde Kerk, langs die Chrissiesmeer, bymekaar gekom om te dink en praat oor **ROEPING**.

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Johannes 14: 1-14, 1983; Gesang 269: 1.  
Fokus teks: Psalm 1: 1-6, 2020.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 266; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---



Tydens ons opening het ons begin met die *regula* op die bord. Van julle ken dit ook. Ons het gepraat oor God wat altyd in die middelpunt van ons lewe moet wees. God is ook die middelpunt van ons kerk en spesifiek ons gemeente. Ons het gedink oor wees ingeprop by God. Oor die broodjie wat ons herinner hoe belangrik

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Johannes 14: 1-14, 1983; Gesang 269: 1.  
Fokus teks: Psalm 1: 1-6, 2020.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 266; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

verhoudings is. Die legkaart het ons laat wonder oor elkeen se eie unieke bydra in die Kerk. Die horlosie het ons herinner dat daar 'n tyd vir alles is en met die bruggie het ons gewonder watter bruggies moet ons elkeen nog oorsteek. Dan het die mediese tassie ons herinner aan fisiese gesondheid, emosionele gesondheid en geestelike gesondheid.

Die simbool wat die meeste aandag getrek het was die boom. Ons het saam oor die boom en die Bybel gedink en gepraat. Ons het saam gewonder en wonderlike insigte gedeel. Ek het persoonlik hierdie gedeelte gefasiliteer en in my diep luister na my kollegas het ek gevoel ek wil van die insigte met my gemeente kom deel.

Ons het oor 'n boom se wortels gepraat en besef as 'n boom se wortels gesond is sal die boom ook gesond wees. Ons het gedink aan die boom wat met sy wortels by die stroom lewende water staan. Dit herinner ons mos weer daaraan dat ons wortels in God geanker moet wees. Dit is met ons wortels in God dat ons gesond kan raak en



Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Johannes 14: 1-14, 1983; Gesang 269: 1.  
Fokus teks: Psalm 1: 1-6, 2020.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 266; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

kan groei tot 'n groot en sterk en bruikbare boom vir God se missio (God se saak).

Waar is jou wortels?

Dan het ons besef dat 'n boom baie spesiaal is, omdat 'n boom so graag GEE (Hout gee, skaduwee gee, blare gee, rusplek gee, vrugte gee). In my gedagtes kom die baie ou spreekwoord op: *dit is beter om te gee as om te ontvang*. Vroeg in my bediening het 'n ou oom vir my gesê: jy word ryker soos wat jy gee.

Hieroor kan ons sommer nog baie lank praat. As 'n boom sy hout gee kan ons vuur maak, kos maak, lekker kuier. As 'n boom sy hout gee kan ons 'n boot bou en vervoer hê. As 'n boom sy hout gee kan ons 'n huis bou om veilig in te woon. Ons te beskerm teen die elemente van die natuur.

As 'n boom sy blare gee, kan diertjies nesses bou. Ons kan kompos maak, maar 'n boom se blare bied ook

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Johannes 14: 1-14, 1983; Gesang 269: 1.  
Fokus teks: Psalm 1: 1-6, 2020.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 266; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

skaduwee ... rusplek vir hulle wat moeg, uitgeput en oorlaai is. Ons lees soveel kere in die Bybel van mense wat onder 'n boom skuiling gesoek het ... mense wat in die moeilikste tyd van hulle lewe rus in die koelte van 'n boom gevind het.

God ROEP elkeen van ons om net so te gaan maak. Ons moet persoonlik 'n geestelike-, emosionele- en fisiese rusplek wees (veral vir hulle wat moet en oorlaai is).

Kan my kinders by my kom rus vind?

Kan my kleinkinders by my kom rus vind?

Kan ander mense (vreemdelinge) by my kom rus vind?

Dan wonder ek oor die lewe van vandag. Almal en alles moet so besig wees. Selfs ons kinders. Ons kinders is besiger as ooit van te vore. Skole bied net meer en meer aktiwiteite aan. En kinders probeer aan meer en meer dinge deelneem. Wanneer rus ons kinders? Wanneer speel ons kleinkinders? Skoolvakansies? Nee, want selfs dit is volgeprop met aktiwiteite.

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Johannes 14: 1-14, 1983; Gesang 269: 1.  
Fokus teks: Psalm 1: 1-6, 2020.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 266; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

Praat ons oor die kerk dink ons die gemeente met die besigste program is 'n goeie gemeente. Selfs gemeentes kan te besig raak met dinge van die Here, soveel so dat hulle die Here van die dinge kan mis. Die kerk moet deur die voorbeeld van die boom leer om ook 'n rusplek vir die gejaagde lewe te wees. Mense moet in die kerk en by die kerk rus en vrede kan ervaar.

Wonder bietjie saam met my hoe ons gemeente 'n oase van RUS kan wees.

Vir my het die gesprek toe na 'n nuwe plek gedraai. Ons onthou 'n boom haal deur sy blare vuil koolstofdiksied uit die lug en gee dan vir ons skoon suurstof. Een volwasse boom haal ongeveer 22kg koolstofdiksied per jaar uit die lug en verander dit in suurstof. Koolstofdiksied laat 'n mens doodgaan en suurstof laat jou lewe. Die beste voorbeeld hiervan is die spekboom. Bome gee weer nuwe lewe!

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Johannes 14: 1-14, 1983; Gesang 269: 1.  
Fokus teks: Psalm 1: 1-6, 2020.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 266; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

Kap ons bome af, ruk ons oerwoude uit, vernietig ons die natuur se manier om die vuil stikstof in ons lug in suurstof te verander. Dink net hoe meer en meer God se “bome” (ons) uitgekap word en doodgaan, hoe minder en minder kan die vuil en lelik in die wêreld in mooi verander word.

Gaan maak julle ook so, hoor ek God sê. Gaan kyk na ‘n boom en maak ook so. Ek en jy moet die vermoë aanleer en ontwikkel om vir mense rondom ons weer lewe te gee. Daar is soveel praktiese manier. Dink aan iemand wat vir ‘n werklose werk gee. Dink aan iemand wat vir ‘n honger mense ‘n broodjie gee. Dink aan iemand wat vir ‘n vreemdeling laat welkom voel.

Ek verwag van julle om by die huis met julle kinders en kleinkinders hieroor saam te dink en saam te praat. Hoe kan ek soos ‘n boom die spreekwoordelike stikstof uit mense se lug haal en vir hulle suurstof gee? Stuur dan daardie idees per WhatsApp aan my.

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Johannes 14: 1-14, 1983; Gesang 269: 1.  
Fokus teks: Psalm 1: 1-6, 2020.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 266; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

Ek vra mooi ... doen die huiswerk. Dit is bitter belangrik vir ons gelowig wees. Praat dan sommer ook met mekaar oor die boom wat jy in God se tuin moet wees. Jesus het op 'n dag opdrag gegee dat 'n boom wat nie vrugte dra nie, uitgekap moet word en in die vuur gegooi moet word.

Ja, dit boom is baie spesiaal en ons leer so baie by die boom van gelowig wees, van kerk wees, van 'n lewe missio Dei.

Amen.

GEBED:

SANG:

God is liefde en ons moet God se liefde leef. Sing saam met my oor die liefde van God ~ Gesang 530: 1-3

SEËNGROET:

Tekste: Romeine 8: 31, 2022; Romeine 1: 7, 2022; Johannes 14: 1-14, 1983; Gesang 269: 1.  
Fokus teks: Psalm 1: 1-6, 2020.  
Liedere: VONKK 106: 1-2; Gesang 543: 1-3; Gesang 266; Gesang 530: 1-3; Gesang 308: 1-5.

---

God bly met ons, waar ons ook mag gaan. Mag sy Gees ons lei en heilig en altyd deur beveilig. God bly met ons waar ons ook mag gaan ~ Gesang 269: 1.

WEGSENDING (Seëngroet):

Neem my alles, vir U o Heer ~ Gesang 308: 1-5.